# Bou op Die Ewige Fondament:

**(1 Kor 3:1-23)** 1Broers, ek kon met julle nie
praat soos met mense wat hulle deur die
Gees van God laat lei nie; ek moes praat
soos met wêreldse mense, soos met
kindertjies in die geloof in Christus. 2Ek het
julle met melk gevoed, nie met vaste kos
nie, want julle kon dit nog nie verteer nie.
En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie,

**(1 Kor 3:1-23)** 3want julle is nog wêreldse
mense. Daar kom jaloesie en twis onder
julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds
is en julle wêrelds gedra nie? 4As een van
julle sê: “Ek is vir Paulus,” en 'n ander: “Ek
is vir Apollos,” is julle dan nie nog wêrelds
nie? 5Wat is Apollos dan? Wat is Paulus?
Hulle is maar net dienaars deur wie julle tot
geloof gekom het,

**(1 Kor 3:1-23)** en elkeen doen die werk
soos die Here dit vir hom gegee het. [6]Ek
het geplant, Apollos het natgegooi, maar
dit is God wat laat groei het.[7]Dit gaan dus
nie om die een wat plant of die een wat
natgooi nie, maar om God wat laat groei.
[8]Die een wat plant en die een wat natgooi,
staan op gelyke voet: God sal elkeen
beloon volgens sy werk.

**(1 Kor 3:1-23)** 9 Ons is medewerkers in
diens van God, en julle is die saailand van
God. Julle is ook die gebou van God.
10 Volgens die genade wat God my gegee
het, het ek soos 'n goeie bouer die
fondament gelê, en 'n ander bou daarop.
Maar hy moet mooi kyk hoe hy verder
bou, 11 want niemand kan 'n ander
fondament lê as wat reeds gelê is nie.

**(1 Kor 3:1-23)** Die fondament is Jesus
Christus. 12 Of dit goud, silwer, edelstene,
hout, gras of strooi is waarmee iemand op
die fondament bou, 13 elkeen se werk sal
aan die lig kom. Die dag wanneer Christus
kom, sal dit duidelik word. Die dag kom
met vuur, en die vuur sal die gehalte van
elkeen se werk toets. 14 As iemand se
bouwerk bly staan, sal hy beloon word;

**(1 Kor 3:1-23)**[15]as iemand se werk verbrand, sal hy nie beloon word nie, en tog sal hy self gered word, maar soos iemand wat uit die vuur geruk is. [16]Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?[17] As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.

**(1 Kor 3:1-23)**[18]Niemand moet homself
mislei nie. As een van julle dink dat hy
volgens die maatstaf van hierdie wêreld 'n
wyse man is, moet hy dwaas word sodat
hy werklik 'n wyse mens kan word,[19]want
die wysheid van hierdie wêreld is
dwaasheid by God. Daar staan tog
geskrywe: “Hy vang die slimmes met hulle
eie slinkse planne,”

**(1 Kor 3:1-23)** [20]en op 'n ander plek: “Die
Here ken die gedagtes van die wyse
mense en weet dit beteken niks.” [21]
Daarom moet niemand op mense roem
nie. Alles behoort aan julle: [22]of dit Paulus
of Apollos of Sefas of die wêreld of lewe of
dood of hede of toekoms is, alles behoort
aan julle, [23]maar julle behoort aan
Christus en Christus aan God.

**(1Kor 3:11)**[11]want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. **Die fondament is Jesus Christus.**

**(Jes 28:16)** Die Here wat oor alles regeer, het vir julle ’n boodskap: **Ek lê ’n fondament** in Sion en sit ’n hoeksteen van graniet daarop neer wat sterk en **veilig is om op te bou.**

shofar christian church

“However quickly, however cleverly a man may build, if the foundation be unsound he is a foolish builder; and however slowly, however laboriously a man may proceed, his building will not put him to shame if he has set his walls erect upon a firm foundation.”

C.H Spurgeon

# Bou op n Ewige Fondament:

1. Jesus is die enigste ewige fondament.

**(1 Kor 3:10/12-15)** 10Volgens die genade
wat God my gegee het, het ek soos 'n
goeie bouer die fondament gelê, en 'n
ander bou daarop. **Maar hy moet mooi
kyk hoe hy verder bou**,….12Of dit **goud**,
**silwer**, **edelstene**, **hout**, **gras** of **strooi** is
waarmee iemand op die fondament bou,
13elkeen se werk sal aan die lig kom.

shofar christian church

**(1 Kor 3:13-15)** Die dag wanneer Christus kom, sal dit duidelik word. Die dag kom met vuur, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk toets. [14]**As iemand se bouwerk bly staan, sal hy beloon word;** as iemand se werk verbrand, sal hy nie beloon word nie, en tog sal hy self gered word, maar soos iemand wat uit die vuur geruk is.

# Bou op n Ewige Fondament:

1. Jesus is die enigste ewige fondament.
2. Net goud, silwer en edelstene sal bly staan.

**(1 Kor 3:1/3)** [1]Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense **wat hulle deur die Gees van God laat lei nie**; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus…[3]want julle is nog wêreldse mense. Daar kom jaloesie en twis onder julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle wêrelds gedra nie?

**(Gal 5:16-17)** 16 MAAR ek sê: Wandel deur
die Gees, dan sal julle nooit die
begeerlikheid van die vlees volbring nie;
17 want die vlees begeer teen die Gees, en
die Gees teen die vlees; en hulle staan
teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen
wat julle wil nie.

# Bou op n Ewige Fondament:

1. Jesus is die enigste ewige fondament.
2. Net goud, silwer en edelstene sal bly staan.
3. Die Heilige Gees lei ons om met goud, silwer en edelstene te bou.

**(1 Kor 3:7-9)** 7Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei. 8Die een wat plant en die een wat natgooi, staan op gelyke voet: God sal elkeen beloon volgens sy werk 9Ons is medewerkers in diens van God, en **julle is die saailand van God. Julle is ook die gebou van God.**

**(Efes 4:11-12)**[11]Hý het sommige as
apostels gegee, ander as profete, ander
as evangeliste, en ander as herders en
leraars, [11]om God se mense toe te rus
vir hulle dienswerk. **<u>Hulle werk is om</u>**
**<u>Christus se liggaam op te bou.</u>**

# Bou op n Ewige Fondament:

1. Jesus is die enigste Ewige Fondament.
2. Net goud, silwer en edelstene sal bly staan.
3. Die Heilige Gees lei ons om met goud, silwer en edelstene te bou.
4. Die liggaam van Christus is die ewige gebou op die Ewige Fondament.

shofar christian church